# Gee jou kreatiwiteit vleuels vir Red 'n Plaas Red 'n Gemeenskap Camino!

Die Sinode van die NG Kerk Noord-Kaapland in samewerking met Agri-Noordkaap, ondersteun sedert 2019 boere en landelike gemeenskappe in hierdie streek wat deur rampe soos veldbrande, sprinkaanplae en uitmergelende droogtes geteister word.

RED 'n PLAAS RED 'n GEMEENSKAP RAMPFONDS

Hierdie vennote het 'n rampfonds, bekend as die Red 'n Plaas, Red 'n Gemeenskap Rampfonds, gestig om pastorale en fisiese hulp aan hierdie gemeenskappe, in tye van nood, te verskaf. Op hierdie wyse is hulpverlening van meer as R13 miljoen in die afgelope vier jaar aan die gemeenskappe gelewer.

Die vlagskipprojek om fondse in te samel vir hierdie rampfonds is die Red 'n Plaas, Red 'n Gemeenskap Camino wat vanjaar tussen **6 en 12 April 2024** in die Victoria-Wes omgewing plaasvind. Een honderd stappers word genooi om 139km binne sewe dae te stap.

Ons nooi graag gemeentes binne die verskillende sinodale streke om op die volgende maniere deel van hierdie projek te word :

• Gee asb inligting rakende die projek deur aan kerkrade en gemeenteleiers.

• Registreer en kom stap self die roete terwyl mense jou deelname finansieël ondersteun. So kan jy 'n positiewe impak maak waar dit regtig nodig is. Skryf in op die webwerf van www.tankwacamino.com/caritas-red-n-plaas-camino

• Word 'n ambassadeur vir die projek. Jy hoef nie te stap om te help nie – jy kan ook mense in jou omgewing mobiliseer om virtueel deel te neem.

• Virtuele deelname gee enige groepe soos verenigings, klubs, skole, mense wat saam draf, fietsryers wat aan wedrenne deelneem, die VCSV by skole, jeuggroepe, ouetehuise en verskillende belangegroepe, die geleentheid om net daar waar hulle bly, werk, sport en hulle stokperdjies beoefen, of dit in Amanzimtoti of Knysna is, inisiatief te neem om die projek te ondersteun. So het oom Jannie Roodt (92) verlede jaar met sy elektroniese rystoel in 6 dae 'n afstand van 166.6 km afgelê en R30 000 ingesamel deur 504 keer rondom die Gereformeerde kerkgebou in Koster te ry.

• Kry 'n borgvorm by Kobus van Tonder en gee jou kreatiwiteit vleuels!

*Vir meer inligting gaan op Facebook of maak direk kontak met die projekkoördineerders.*

## Lees meer oor wie ons is, wat ons doen en waaroor ons droom.

www.facebook.com/rednplaasredngemeenskap

**Projekkoördineerders:**

**ds Kobus van Tonder**
+27 76 530 4028
kobusvt04@gmail.com

**ds Deon van der Berg**
+27 83 448 3791
deon@ngstella.co.za

**Me. Janine Byleveld**
+27 73 291 0557
janine@agrink.co.za